Die Grondeisehof

Foto: *Beeld*
Die regters van die Grondeisehof het einde Maart 1996 met hulle werksaamhede begin. Van links verskyn regter-president Fikile Bam en regters Antonie Gildenhuys, Justice Moloto en Alan Dodson. Al vier die regters is uit die geledere van die prokureursprofessie aangestel. Regterpresident Bam was 'n vennoot in Deneys Reitz, Johannesburg, regter Gildenhuys 'n direkteur van Hofmeyr Ing en regter Dodson 'n vennoot in Mallinicks, Kaapstad. Regter Moloto was werksaam as kontraktebestuurder van Eskom se brandstof- en waterafdeling.

Laat nuus

Nuwe regterlike aanstellings in die Kaap en Oos-Kaap

DIE nuus van twee nuwe aanstellings as regter is ontvang pas voordat *Consultus* na die drukpers is.

Die nuwe aanstellings is:

Kaap

Roger Botha Cleaver, 'n Pretoriase prokureur, is aangestel as regter van die Kaapse Provinsiale Afdeling van 1 Julie 1996.

Oos-Kaap

D Chetty SC, lid van die Oos-Kaapse Balie, is aangestel as regter van die Oos-Kaapse Provinsiale Afdeling van 1 Julie 1996.

Volledige curricula vitae sal in die volgende uitgawe van *Consultus* verskyn.

Amnesty Commission



Photo: *Sunday Times*
Judges Hassen Mall and Andrew Wilson of the Natal Bench have been appointed as chairman and deputy-chairman respectively of the Amnesty Commission from 1 February 1996. Judge Mall was appointed to the Natal Bench in 1995 and Judge Andrew Wilson in 1984.